agra
SERVICE•RANGE•COUNTRYWIDE

RING

AGRA CO-OPERATIVE LTD MEMBERS' NEWSLETTER / AGRA KOÖPERATIEF BPK SE LEDE NUUSBRIEF

AGRA VEILINGS LEWER TOP PRYSE

Uitstekende pryse, insluitende 'n wêreldrekord prys, is die afgelope tyd op Agra veilings behaal.

Die jaarlikse Outjo wildveiling (katalogus) het plaasgevind op Saterdag, 5 Mei. 42 Kopers het meegeding om van die gesogte wildspesies te bekom. Die totale omset van die veiling was N$2.1 miljoen vir die 612 stuks wild, wat uit 'n aanbod van 902 verkoop is.

Die hoogste prys van N$32 000 is betaal vir 'n Swartwitpens. Tsessebe's en Nyalas is verkoop vir onderskeidelik N$23 000 en N$14 000 elk.

Die totale omset van die veiling is laer as die veiling wat in 2006 gehou was. Verkopers het aangevoer dat die heersende droogte 'n invloed gehad het op die pryse. Die verkopers het wel hulle tevredenheid uitgespreek met die goeie pryse wat behaal is en die veiling is as 'n groot sukses beskou.

Die kleinvee stoetveilings wat die afgelope tyd aangebied is, het ook goeie resultate opgelewer, waarvan die volgende uitgelig kan word:

Tydens die Dorper stoetveiling van Paul en Arnold Klein wat gehou was op 19 April, is 72 Dorper-ramme vir 'n gemiddelde prys van N$4 600 verkoop. Die duurste ram van Mnr Arnold Klein is verkoop vir N$16 000 aan Mnr Anton Zondag van Stampriet.

Die duurste ooi is verkoop vir N$2 700 aan Mnr Wendel Visser van Leonardville.

'n Nuwe Namibiese en wêreldrekord prys is behaal tydens die Karakoelramveiling van Mnre P.A Karsten & P.J van der Westhuizen van Karasburg wat gehou was op Donderdag 26 April. Twee Karakoelramme is verkoop vir N$27 500 en N$30 000 onderskeidelik. Die vorige rekord prys vir 'n Karakoelram was N$24 000. Die trotse nuwe eienaar van hierdie twee ramme is Mnr Johannes Vos, 'n kommunale boer van die Karasstreek. Die verkoper was Mnr Giel Karsten van Karasburg.

85 Ramme is van die hand gesit teen 'n gemiddelde prys van N$6 252.

Die Boerbokveiling van Fedcor Farming is op Vrydag, 27 April gehou. 11 Boerbok ramme het onder die hamer gekom teen 'n gemiddelde prys van N$2 918. Die duurste ram is verkoop vir N$5 000 aan Mnr J.J Brand van Outjo.

47 Boerbokooie is ook verkoop vir 'n gemiddelde prys van N$2 264.

'n Baie suksesvolle KTG Elite Herfs Ramveiling is gehou op Donderdag, 3 Mei te Keetmanshoop. 72 Karakoel ramme is aangebied en verkoop teen 'n gemiddelde prys van N$8 330.

Die duurste ram van N$21 000 is aangekoop deur Karakul Partners en het behoort aan Lovedale Farming CC van Helmeringhausen.

Van links na regs: Mnr Dallies Greeff, Agra se Afslaer, Mnr Johannes Vos, kommunale boer en nuwe eienaar van die twee Karakoelramme, die verkoper Mnr P.A Karsten en Agra se Lewendehawe Beampte van Karasburg, Mnr Joepie von Wielligh.

Twee ramme afkomstig van Mnre Kobus van Wyk en Koos Kotze is ook verkoop vir N$20 000 elk aan Mnre R Schreiber van Windhoek en J.J Grobbelaar van Koës.

Agra wil op hierdie wyse ook alle verkopers geluk wens met uitsonderlike pryse wat behaal is op bogenoemde veilings. Spesiale vermelding word gemaak van Mnr Johannes Vos, kommunale boer van die Suide vir die wêreld-rekord pryse wat hy betaal het vir twee Karakoel-ramme.

REDAKSIONEEL

Dit is vir my 'n voorreg om betrokke te wees by die samestelling van die Ring. Ek hoop dat die inligting wat gepubliseer word in die Ring vir u van waarde sal wees.

In hierdie uitgawe berig ons oor die rekordprys wat behaal is op die onlangse Swakara veiling wat daartoe bygedra het dat rekordpryse ook betaal is op ander karakoelveilings. Die veiling van P.A Karsten en B v/d Westhuizen waaroor in hierdie uitgawe berig word, getuig daarvan.

Die wildveiling wat gehou was op Outjo het ook goeie pryse behaal.

Agra se nuwe kliëntedienslyn is die eerste stap tot 'n kliëntedienseenheid. Ons moedig u aan om van hierdie diens gebruik te maak.

Ons berig ook oor die Safari Den skietkompetisie wat baie suksesvol aangebied was by die Outjo wildfees.

Ek wil graag versoek, indien u enige navrae of voorstelle het, dit te rig aan Mev Birgit Hoffmann, Bemarkingsbestuurder van Agra by Privaatsak 12011, Windhoek of per e-pos aan birgith@agra.com.na

Groete tot 'n volgende uitgawe.

Alida Coertzen
Kommunikasiebeampte
Privaatsak 12011
Windhoek
Tel: 061-2909234

KENNISGEWING AAN LEDE

Ons wil graag alle lede daaraan herinner om van die nuwe ingang na die Pelssentrum gebruik te maak. Die Pelssentrum is geleë aan die regterkant van die hoofingang na die handelstak.

SAFARI DEN HOU UITHALER SKIETKOMPETISIE

Die jaggeweer groepering skiet-kompetisie aangebied deur Safari Den was 'n groot trekpleister by vanjaar se Outjo Wildsfees wat plaasgevind het op 5 Mei. Puik organisasie, hardwerkende personeel en 'n groot borgskap van Agra het van hierdie kompetisie 'n groot sukses gemaak. Agra het pryse ter waarde van N$20 000 geskenk en ammunisie is geborg deur PMP. Daar was in verskillende kategorieë meegeding en die algehele wenner wat met die louere weggestap het was Bonnie van Zyl, Takbestuurder van Agra Outjo, wat 'n uitstekende 15.12 groepering geskiet het. Vier skuts het gekwalifiseer om aan die Suid Afrikaanse Pro-Am Groepering Skiet-kampioenskappe deel te neem wat later vanjaar plaasvind.

Goeie terugvoering is ontvang van ondermeer die verskaffers en deelnemers. Hulle voer aan dat hierdie kompetisie wat deur Safari Den aangebied was, as baie suksesvol bestempel kan word. Organiseerders van die Outjo Wildfees het Safari Den genader om die skietkompetisie 'n jaarlikse instelling te maak aangesien hierdie aktiwiteit groot belangstelling uitgelok het en ook bygedra het tot die sukses van die wildfees.

Safari Den was ook betrokke as uitstaller. 'n Wye verskeidenheid produkte is uitgestal en baie belangstelling is in veral gewere en kampeertoerusting getoon.

Safari Den bied 'n wye reeks produkte van safari- en kampeertoerusting tot gewere en ammunisie aan teen bekostigbare pryse. Vriendelike en opgeleide personeel is daar om aan kliënte 'n onvergeetlike koopervaring te bied. Kontak gerus vir Dirk Coertzen of Gordon Kennedy by Safari Den, geleë in die Auas Valley Shopping Mall, telefoon 061-2909294. Safari Den produkte is ook beskikbaar by alle Agra takke landswyd.

100 YEARS OF KARAKUL ON DVD

Tuesday, 24 April witnessed the launch of a DVD capturing 100 years of the history of Karakul production in Namibia. Invited guests were entertained to a cheese and wine function at the newly renovated Pelt Centre. Mr Kobus van Wyk, Chairman of the Karakul Board of Namibia said the year 2007 not only marks the one hundredth year anniversary of Karakul Namibia but also marks:

- the forty first anniversary of the Swakara trade mark (although the brand name Swakara entered the world market in 1966 as a mark of origin it also developed over the years to be a mark of quality. Swakara is not just fur, it is fashion material. This trade mark is a strong marketing asset in global acting and should be protected and promoted as strong as possible.
- the 88th year anniversary of the Karakul Breeders Association (since 1919)
- the 25th year anniversary of the Karakul Board of Namibia as established by the Karakul Pelts and Wool Act in 1982
- the 27th year anniversary of Agra being the sole agent for the marketing of Karakul pelts (since 1980)
- the 18th year anniversary of the Agra pelt sorting centre in Windhoek (since 1989)
- the 10th year anniversary of the Karakul Producers Forum and
- the 12th year anniversary of co-operation with Copenhagen Fur which is the world's leading fur auction house.

The DVD forms part of a number of events planned by the Karakul Board of Namibia for this year. Mr Van Wyk, on behalf of all Karakul producers congratulated Mr Paul van Schalkwyk, Mrs Christine Hugo and their team for the production of the TV documentary. A word of thanks also went to Agra for the renovations to the Pelt Sorting Centre. The improvement not only creates a better working environment for the sorting personnel but is also more in line with the image of the product.

For further information, please contact the Karakul Board of Namibia.

MEESTERAKKERBOUERS AANGEWYS

Die Meesterakkerbouerdag is op 19 April 2007 aangebied by die Shadi Irrigation Project, 180 km oos van Rundu, deur die Akkerbouraad, APV en die Besproeiings Meesterakkerbouer, Mnr Loffie von Landsberg. Mnr Jorg Rainard Otto van die plaas Hurisib in die Grootfontein distrik is as Droëland Meesterakkerbouer aangewys.

Die dag is amptelik ge-open deur die Adjunk Minister van Landbou, Water en Bosbou, Mnr Paul Smit wat die rol van besproeiings-ontwikkeling, met spesiale verwysing na die "Green Scheme", in die bereiking van Visie 2030 beklemtoon het.

Hy het die gevolge van globale verwarming en Namibië se ondergrondse waterbronne uitgesonder as belangrike faktore wat bestuur moet word deur beplanning en samewerking en het dit beklemtoon met sy afsluitingswoorde "Team work makes a dream work" .

Mnr Fred Kruger, gasspreker uit Suid Afrika, het waardevolle inligting gedeel rakende die biobrandstofbedryf in die wêreld en Suidelike Afrika. Die geleenthede, bedreigings en produksie van Jatropha en ander plante vir die vervaardiging van biodiesel is aangespreek. Hy het ook uitgebrei oor die Kyoto ooreenkoms en die "Carbon Taxes and Credits".

Mnr Loffie von Landsberg (met rug na kamera) gesels akkerbousake met Dr. Fred Kruger (regs) en Mnr Francois Wahl van Agra (middel).

Tydens die jaarvergadering van die Akkerbou Produsente Vereniging is die behoefte uitgespreek vir 'n volledige omgewings-impakstudie wat alle aspekte van GMO-produksie sal dek en die belange van alle rolspelers in ag sal neem.

Agra was betrokke as borg by hierdie baie suksesvolle dag wat deur produsente sovêr as Stampriet, Mariental en Ruacana bygewoon is. Agra was ook goed verteenwoordig deur die Operasionele Bestuurder, Kobus Jacobs, die Akkerboukundige, Francois Wahl en die Takbestuurders van Grootfontein en Tsumeb, Johan Leijenaar en Corne Muller.

Baie geluk ook namens Agra aan die twee Meesterakkerbouers, Mnr von Landsberg en Mnr Otto!

NUWE TAKBESTUURDERS VIR GOBABIS EN TSUMEB

Jurgen Steidler

Jurgen Steidler is aangestel as nuwe Takbestuurder vir Agra Gobabis vanaf 1 Mei 2007. Hy het sy diensloopbaan by Agra begin in Oktober 2004 as Assistent Takbestuurder, Agra Windhoek. Jurgen het die maatskappy verlaat in Februarie 2005 waarna hy teruggekeer het na Gobabis. In Junie 2006 is hy aangestel as Aankoper vir Agra Gobabis en het hierdie posisie beklee tot en met sy aanstelling as Takbestuurder. Jurgen geniet die buitelewe en is 'n groot rugby ondersteuner.

Corne Muller

Corne Muller is met ingang 1 Mei 2007 aangestel as Takbestuurder vir Agra Tsumeb. Corne het sy loopbaan by Agra begin as Toonbankbeampte by Windhoek tak in 1992. Hy verlaat die maatskappy in 1996 en word in Junie 2004 aangestel as Assistent Takbestuurder vir Agra Windhoek. Corne is oorgeplaas na Grootfontein in Januarie 2005 as Assistent Takbestuurder, 'n posisie wat hy beklee het tot en met sy nuwe aanstelling as Takbestuurder, Agra Tsumeb. Hy is 'n gesinsman wat ook lief is vir sport soos rugby en krieket.

NOORDE STREEK KRY NUWE LEWENDEHAWE BESTUURDER

Carel Coetzee is aangestel as nuwe Streekbestuurder: Lewendehawe, Noorde en het vanaf 1 Mei in die nuwe pos diens aanvaar. Hy het sy loopbaan by Agra begin in Junie 2003 as Senior Lewendehawe-Beampte, Gobabis, 'n pos wat hy beklee het tot en met sy nuwe aanstelling. Carel het vir 30 jaar sy eie boerdery bestuur, was Onder Voorsitter van Nina Boerevereinging en het ook diens gedoen as Sekretaris van die Streek Landbou Unie. Carel het 'n groot passie vir die buitelewe en geniet sport soos rugby en karate. Hy gaan hom daarop toespits om Agra lewendehawe in die Noorde as 'n model agentskap te bedryf. Carel is getroud met Bernadine en het twee dogters.

HOODIA VERBOUING IN NAMIBIË

deur Francois Wahl

Hoodia word al vir geslagte deur die inwoners van Namibië benut. Hoodia is 'n tipe vetplant wat sy water in die stam stoor. Die vetplant kom hoofsaaklik voor in die Westelike en Suidelike dele van Namibië asook in droeër streke van Angola, Botswana, Suid Afrika en Zimbabwe. Die plant is inheems in die gedeelte van Suidelike Afrika en kom nêrens anders in die wêreld voor nie. Uit die 40 verskillende sub-spesies wat al identifiseer is, kom 10 in Namibië voor.

'n Kommersiële mark het ontstaan vir Hoodia na aanleiding van 'n eetlusdempende effek van die stof P57 wat al in drie van die sub-spesies ge-identifiseer is. Die aanvanklike eetlusdempende eienskappe van die plant is al jare gelede, so vroeg as 1700 deur San jagters ontdek toe hulle tydens lang uitgerekte jagtogte van die plant geëet het om hul honger te stil.

Saad word van die moederplante ge-oes vir die kweek van saailinge. Saad kan eers ge-oes word wanneer die peule oopbars anders is dit nog nie fisiologies volwasse nie. Vir hierdie doel word elke peul met 'n klein materiaalsakkie bedek wat die saad opvang wanneer die peul oopbars. Dit word gedoen om te voorkom dat die sade wegwaai. Hierna word die saad skoongemaak, gesorteer en op 'n koel, droë en goed deurlugte plek gestoor tot dit benodig word.

Saad word direk in die grond gesaai met 'n spasiëring van 5 by 5 cm in skadunet tonnels en met mikro sproeiers klam gehou (3-5 maal per dag) vir die duur van die ontkiemings-periode. Na ontkieming word die besproeiing stelselmatig minder gemaak soos die saailinge groter word. Dit neem ongeveer 5 dae vir die sade om te ontkiem en hulle realiseer 'n ontkiemings persentasie van ongeveer 90%. Die saadbed word met fyn gruis bedek om dit teen watererosie te beskerm en die grondtemperatuur hoër te hou. Dit is ook moontlik om saailinge in die winter in plastiese tonnels te kweek. Geen bemesting word in die kweekhuise gebruik nie. Daar word wel mikro-organismes toegedien. Wanneer die saailinge tussen 5 en 8 cm hoog is, is dit gereed om uitgeplant te word. Die plante word in rye gevestig teen 'n stand van 60 000 plante per hektaar. Die oorlewing van saailinge wat oorgeplant word is meer as 95 %.

Wat opbrengs aanbetref word verwag dat elke plant met oes na 30 tot 36 maande ongeveer 2 kg sal weeg (120 ton per hektaar).

Aanvanklik is die Hoodia plant in Suid Afrika in die natuur ge-oes, gedroog en daarna uitgevoer vir verdere verwerking. Nou word die plant al verwerk tot poeier en ander bruikbare produkte. Daar is nog nie sekerheid oor wat die beste manier van oes onder kommersiële produksie is nie. Twee moontlikhede bestaan naamlik gedeeltelike oes of die hele plant. By die oes van natuurlike plante word slegs plante met meer as 10 vingers van ten minste 40cm lank gedeeltelik ge-oes. Die plant word dan gelos om weer nuwe vingers te groei.

Dis baie belangrik dat die ge-oeste vingers versigtig hanteer en vervoer moet word na die drogingsaanleg om skade aan die vingers tot die minimum te beperk. Voor droging word die vingers gewas om vuilheid en bakterieë te verwyder. Hierna word dit in dun skyfies gesny en dan gaan dit deur 'n drogingsproses. Na droging word dit gesteriliseer deur bestraling of 'n stoom proses en dan in verskillende grade tot poeier vermaal. Die maalproses moet koel bly anders word van die molekules vernietig deur die hitte. Die poeier word dan in foeliesakke verpak vir bemarking.

Die grootste uitdaging op hierdie stadium lê daarin om die natuurlike plante volhoubaar te oes totdat kommersiële produksie dit kan vervang. Daar is nog baie min inligting beskikbaar rondom die kommersiële verbouing van Hoodia aangesien daar nog nie veel navorsing gedoen is op hierdie gebied nie.

Agra was een van die borge van die Hoodia Inligtingsdag wat gehou was op 28 Maart by die plaas Jena van Mnr Raimar von Hase, President van die Namibië Landbou Unie.

FEES PAYABLE FOR REGISTRATION OF STOCK BRAND

A registration fee of N$50 (fifty Namibian Dollar) is payable to the Registrar of Stock Brands with effect from 1 May 2007, as per Government Notice No. 39 of 1 March 2007.

The Minister of Agriculture, Water and Forestry in terms of section 20 of the Stock Brands Act, 1995 (Act No. 24 of 1995) amended certain regulations published in Government Notice.

Payment can be made by way of cash, postal order or bank guaranteed cheque at the Meat Board Head Office, Agricultural Boards Building, Hochland Road 30, Windhoek. Alternatively, a postal order or cash can be deposited in the Meat Board Stock Brand account.

No application will be processed unless it is accompanied by proof of payment in the form of the Meat Board's receipt or the bank deposit slip. The affixing of a N$5 (five Namibian Dollar) revenue stamp is still required for the transfer of a brand. An administration fee of N$20 (twenty Namibian Dollar) will be charged for each duplicate card or certificate applied for.

For further information please contact the Meat Board of Namibia at telephone 061-275830.

Dorper kursus
30 Julie - 3 Augustus
Uhlenhorst Boerevereniging
Navrae: H van Niekerk (063 - 265 336 / 081 128 3511)

BOERBOK KURSUS!
6, 7 & 8 JUNIE 2007
Agra krale, Mariental
Navrae: Linda Engelbrecht (061 - 252 994)

NUWE REKORD PRYS VIR SWAKARA PELSE

Nuwe rekord pryse vir Swakara pelse is behaal tydens die Swakara pelsveiling wat gehou was op 16 April in Kopenhagen, Denemarke. Die hoogste prys in die geskiedenis van die pels bedryf, naamlik N$1 250 per pels is betaal vir 95 D-uitsoek pelse. Die koper van hierdie pelse was Exclusive M van Moskou. Die hoogste prys vir 'n soortgelyke pakkie pelse in September 2006 was N$ 771.

Die gemiddelde prys vir die veiling het egter gedaal met 9 % van N$494 per pels na N$450 in vergelyking met die September 2006 veiling. Volgens Mnr Wessel Visser, Bestuurder van die Pelssentrum, was hierdie daling in pryse duidelik sigbaar by die laer graad pelse. In die verlede, het laer graad pelse aansienlik hoër pryse opgelewer.

Mnr Kobus van Wyk, Voorsitter van die Karakoeraad het daarop gewys dat daar 'n daling die afgelope 6 maande in verbruikers aankope van Karakoel jasse was as gevolg van verwarmde weersomstandighede en ekonomiese ontstabiliteit op die internasionale front. Gegewe hierdie agtergrond, is uitsonderlike goeie pryse behaal op die veiling en het Mnr Van Wyk sy tevredenheid uitgespreek met die verloop van die veiling.

'n Totaal van ongeveer 60 000 pelse is van die hand gesit en dit het 'n totaal van bykans N$27 miljoen aan buitelandse valuta vir die land beteken. Die grootste koper was die Londonse agente wat meestal vir Rusland gekoop het. 32 kopers van 12 verskillende lande het aan die veiling deelgeneem.

Agra is die enigste uitvoerder van Swakara pelse na die buiteland. Besoek gerus Agra se webwerf by www.agra.com.na vir meer besonderhede oor die veilings pryse.

Van links na regs: Kobus van Wyk, Voorsitter van die Karakoelraad van Namibië, Torben Nielsen, Besturende Direkteur van Kopenhagen Fur en Wessel Visser, Bestuurder van Agra se Pelssentrum klink 'n glasie op 'n baie suksesvolle Karakoel pelsveiling.

"DON'T SHOOT IN THE DARK" – ANNUAL HUNTING COMPETITION

It's hunting season again. At Agra you have the opportunity to win lots of prizes in our annual hunting competition. Shoppers have the opportunity to win prizes to the value of N$150 000, including 3 quad bikes.

This competition is open to everybody who shops at Safari Den, Auas Vet Med or any Agra branch countrywide. Whether you are a hunter or busy preparing for an outdoor excursion, you should definitely visit Agra or Safari Den to stock up on much needed hardware, gardening, outdoor and safari equipment, weapons, ammunition and hunting accessories. We have it all. You don't need to be a member of Agra to enter the competition.

Entering this year's competition is really easy. To qualify for the competition, all you have to do is buy any product(s) to the value of N$1000, get your scratch card and start scratching to see which target you have hit. There are a number of prizes up for grabs. For each N$1000 spent on any product, you will receive a scratch card. **Fuel purchases are excluded from this competition.** You are free to enter as many times you like.

The competition will run until the end of August, while scratch cards are available. Details are available at Safari Den, Auas Vet Med and all Agra branches countrywide.

The range of prizes is great; winning is easy. It really is worthwhile to visit any Agra branch, Safari Den or Auas Vet Met this winter - you only have to spend N$1000 and you will stand the chance to win great prizes.

AGRA STEL KLIËNTEDIENSLYN BESKIKBAAR

Agra verbind hom daartoe om 'n landswye, goeie dienservaring aan ons kliënte te bied. Die kliëntedienslyn by Agra is die eerste stap in die implementering van 'n kliëntediens-eenheid. Deur die beskikbaarstelling van hierdie lyn wil Agra die geleentheid bied aan kliënte om hul ervaring van, of enige probleme met Agra se diens, aan ons te kommunikeer. Die kliëntedienslyn is beskikbaar gedurende kantoorure en word deur personeel in Agra se hoofkantoor beman. Daar word persoonlik met elke kliënt wat die kliëntediensnommer skakel, gekommunikeer. Kliënte wat die kliëntedienseenheid wil kontak moet 061-2909222 skakel.

Enige probleme, komplimente, kommentaar of voorstelle wat deur die kliënt aan Agra gerig word, word aan die betrokke bestuurder by die spesifieke tak of afdeling gekommunikeer. Dit stel ons in staat om, deur 'n gesamentlike poging van die Agra-span, enige probleme, of oorsake van probleme aan te spreek ten einde 'n goeie dienservaring en kliëntetevredenheid te bewerkstellig.